

## 30 Januarie - BEKENDMAAK

**Skrifgedeelte: Handeling 8:26-40 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Handeling 8: 35, 37**

**B**ybelles is nie so 'n gewone ding wanneer ons dink aan die soekende God nie. In die soeke van die mens bewandel God sy eie paaie.

Eerstens laat God hierdie man vanuit Etiopië kom. In Jerusalem kry hy 'n klein stukkie van die Bybel, uit Jesaja, in die hande. Dan laat God die uitlêer van die Woord, Filippus, uitgaan. God het ook reeds 'n engel aan Filippus laat verskyn om aan hom te sê om na die verlate pad tussen Jerusalem en Gasa te gaan. Dan laat die Here die Etiopiër juis daardie pad gebruik en bewerk dit so dat Filippus vra om saam op sy wa te ry.

Hoekom stuur God nie sommer reguit die engel na die Etiopiër nie? Wie sal nou beter en mooier kan preek as 'n engel? En as die Heilige Gees nou optree, hoekom praat hy met Filippus en nie sommer met die Etiopiër self nie? Die Heilige Gees sou die Bybel tog baie beter kon uitlê.

Die Here maak Homself bekend deur die verkondiging van die Woord. Hoe omslagtig werk die Here nie? Moet Filippus nou juis ingetrek word om 'n eenvoudige ding te doen? Altyd maar weer die dominee en die Bybel en die kerk. Met 'n boek en 'n kerkraadslid word die Etiopiër afgeskeep en van al die wonderbaarlike, die mooie, die engel en die Heilige Gees se ingewing kry hy nie te sien nie! So sal baie redeneer.

Wanneer dit gaan oor bekeringsake, maar ook wanneer dit gaan oor worstelinge in die lewe, werk God soos Hy wil. Dan gaan dit so: jy kry nie hemelse stemme en jy sien nie engele nie. Jy word eenvoudig aangespoor om jou neus in die Bybel te druk en jy word uitgenooi om na die gemeente se samekomste te kom om te hoor hoe die Bybel uitgelê word. So het die hofdienaar van Etiopië na Jesus gekom – so eenvoudig en tog so wonderlik. So omslagtig, maar briljant deur God beplan.

Wie soek, sal vind. Maar ek staan bevrees dat baie kerkmense baie vrae het en moedeloos raak en antwoorde soek, maar nooit die Bybel opneem om die antwoorde te kry nie. Dis die “gewone” dinge wat die Here vir ons gee wat saak maak.

God maak Homself bekend. Gebruik die middele wat Hy Self gee.

*Sing: Psalm 119:2, 7 (1936)*

*Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)*